

## HOOFSTUK 7.

## GROEP C.

## VERGELYKINGE BY BYVOEGLIKE NAAMWOORDE.

## ALLEEN.

So alleen soos 'n uitgestote blésbokram (algemeen); so alleen soos my vinger (vgl. Malh. 344); meer bekend is die versterkende vorm van die byv. nw., nl. *vingeralleen* (vgl. hfst. 2(a)); ook bekend in Russies en Litaus, *allein wie ein Finger* (Wander 1-45).

So alleen soos Piet Maaifoedie (Cradock); d.w.s: so alleen soos 'n verstotene, 'n skelm, 'n vabond. Maaifoedie is naamlik 'n skeldwoord vir 'n gemene mens (vgl. Mansv. 100, Etimol. Wdb. 79), sodat die inhoud van hierdie vergelyking ooreenstem met die meer bekende So alleen soos 'n ontsnapté bandiet.

## ARM (kyk ook by KAAL).

So arm soos 'n maer hond wat aan 'n kaal been kou (baie algemeen, o.a. Zastron, Dewetsdorp, Brits, Jansenville); onder die Boere in Argentinië is bekend: So arm soos 'n maer hond. Kyk hiervoor by Malh. 119 en vgl. so arm soos Job se hond. Deur die Griekwas word gebruik: Sô arm sôs hond (Rademeyer 106).

So arm soos 'n kerkmuis (baie algemeen, vgl. Malh. 268); bekend in die meeste Germaanse tale, bv. Hgd. *Arm wie eine Kirchenmaus* (Sandv. 3); so *kâl as 'ne Keärkenmeûs* (Eck.); Vls. *Armoe lijdén als de muiskens in de kerk* (P. de M. en De C.— Wondersp. bl. 5—De Vooyes). Kyk origins by St. 1-46.

So kaal soos 'n rot (brandarm); vgl. Ndl. *Zo kaal als eene rat* (doodarm) (Van Dale 1374); *Arm as én rot* (zeer arm) (Boeken. 1283); Eng. *As poor as a church mouse*; Fr. *Il est gueux comme un peintre, un rat d'église* (Wander 1-131).

So arm soos 'n luis op 'n fynkam (Springbok, Paarl, Porterville); vgl. Ndl. *Hij is zoo kaal als een luis* (Van Dale 961); *arm as 'n loes* (Bergsma 21); Ndd. *Nett so arm as 'n Lûs* (Eck. 18). Huijgens noem 'n bedelaar in sy „Zedeprinten” „een logge leger-luijs”.

So arm soos 'n padda (vgl. geld is by hom so skaars soos vere by 'n padda—kyk by GELD); vgl. ook Ndl. *Arm als de mieren*, (Mole-

ma 166, Kous.); Hgd. *Arm wie eine Ameise, . . . wie eine Schnecke* (Wander 1-131); Ndl. *Arm als een worm* (Tuinm. 2-235).

**So arm soos Job, . . . soos Lasarus** (baie algemeen, kyk by hfst. 3(g)); vgl. Ndd. *He wër all so arm as de salige Job, un slëp im Winter an Mütz up dem Kopp* (Eck. 18); ook bekend in Ndl., Fri., Fr. en Eng. (vgl. Ndl. Wdb. 2-666, Laurill. 8); Hgd. *Er ist so arm wie Lazarus*—blutarm, so arm dass er sich nicht einmal einen strick zum hängen kaufen kann (Sandv. 3).

**So arm soos 'n bedelaar, . . . soos 'n delwer; so arm soos 'n patatboer** (Swellendam en omstreke) (vgl. hfst. 3(a)); vgl. Lt. *Iro pauperior forem* (Otto 177); Ndl. *Arm als een schooier, een Ierland, een Kozak* (Joos 12);

Vir Ndl. 'Arm als de straat' vgl. Ndl. Wdb. 2-666.

**So arm soos 'n blou pennie** ('n baie duidelike kontaminasie-produk, vgl. hfst. 1); vgl. Ndl. *Hij was zoo arm als een Japaneesch dubbeltje* (W. Buning—Menschen zooals er meer zijn, De Vooys); Ndl. *Geen dubbeltje* (als voorbeeld van eene geringe waarde) (Ndl. Wdb. 3-3542).

## ASTRANT.

**So astrant soos 'n skerpioen** (Laingsburg); **so astrant soos 'n bobbejaanmannetjie** (Die Boland); **so astrant soos 'n kapokhaantjie**.

## BAAR.

**So baar soos 'n mofos** (Die Vrystaat); **so baar soos 'n (Engelse) Tommie** (vgl. hfst. 3(j)).

**So baar soos 'n kraalkaffer, . . . 'n Vaalpenskaffer**. Vgl. „Ek was soos 'n Vaalpenskaffer wat baar is in die kombuis se werk” (Ampie bl. 55); „baar as 'n Vaalpenskaffer” (Ampie bl. 232).

## BANG.

**So bang soos 'n bobbejaan vir 'n slang** (Ermelo); . . . **soos 'n bobbejaan vir 'n geweer** (die Transvaal). Vgl. „Vir die tronk so bang as 'n bobbejaan vir die hits van 'n gloeiende yster” (Van W.—J. Platjie bl. 5); „Vir towergoed en paljas so bang as 'n bobbejaan vir 'n blaasbalk” (Von W.—J. Platjie bl. 69).

**So bang soos 'n bok vir 'n skoot hael** (baie algemeen), kyk by Malh. bl. 139; vgl. Ndd. *So bang äs ne Hille* (Ziege) (Eck. 32) wat egter geen betrekking het op die Afr. vergelyking nie.

**So bang soos 'n kat vir water** (Zeerust); meer gewoon is die verkorte vorm: **so bang soos 'n kat**. Kyk by hfst. 2(a).

**So bang soos 'n haas vir 'n hond** (baie algemeen); minder gewoon is die verkorte: **so bang soos 'n haas**. vgl. Ndl. *Benauid als*

*een haas* (Joos 12); Duits *Furchtsam wie a Haase* (Wander 1-1251); bang persone word ook genoem 'furchtsame Hasen' of alleen 'Hasen' (Schrader 204). „Zoo smeeke bang als 'n aangeschoten haas bij 't komen van den jager" (Boefje 96).

So bang soos 'n muis (Zeerust, Zastron); so bang soos 'n meisie vir 'n muis (Volksrust). Vgl. die sewentiende-eeuse:— „so bevreest als veur de Kat de muijs is" (Van Moerk. 210).

So bang soos 'n luis op 'n vingernael (Springbok). Kyk veral by VOEL.

So bang soos 'n uil vir die daglig (Springbok); so bang soos 'n vark vir peper (Namakwaland) (Von W.—Ons Geselst.); so bang soos 'n slang (bloot deur die rym gesuggereer). Baie algemeen in Ndl. is: *Zoo bang als een wezel* (Joos 12, Welters 115), Fri. *Bang as in weesling* (St. 1-65); „De wezel is nl. zeer schuw" (Ndl. Wdb. 2-970).

„Nu kijkt hij zo bang en ongelukkig als een schaap dat onder 't mes moet" (Bartje 84).

So bang soos 'n Jood vir water (Heilbron); so bang soos 'n kaal kaffer vir 'n aangetrekte magistraat (Pietersburg); so bang soos 'n Engelsman (Bloemfontein); so bang soos 'n meid (Zastron, Zeerust) (vgl. *Jou meid!* om uiting te gee aan 'n gevoel van intense minagting).

So bang soos 'n kind vir 'n donker kamer; vgl. Ndl. *Zoo bang als een wicht* (Boeken. 31).

So bang soos die dood; so bang soos vir sy dood; so bang soos op die dag van sy dood (Ladysmith). Kyk by hfst. 2(a), en vgl. Ndl. *Hij is zoo bang als de dood* (buitengewoon bang) (Van Dale 387).

Piet was zoo 'bang als de dood' voor zakkenrollers" (De Unie 1-291).

So bang soos Haman vir Mordechai (Springbok). Kyk by hfst. 3(g).

So bang soos die duiwel vir 'n knapsak (ook nog onder die Boere in Argentinië bekend) is ontleen aan 'n verhaaltjie, soos aangetoon deur Malherbe op bl. 101. Nog duideliker word op die verhaal gesinspeel in: so bang soos die duiwel vir 'n aambeeld en so bang soos die duiwel vir 'n leë knapsak (Springbok). As variant hiervan noem Malherbe so bang soos die duiwel vir 'n soutsak. Die selfde gedagte is opgesluit in so bang soos die duiwel vir soutraap (Von W.—Ons Geselst.) (Namakwaland) wat moontlik 'n lokale toepassing van die vorige kan wees. In Springbok is ook bekend hy weet daar so min van as die duiwel van sout raap.

Net so onverklaarbaar lyk my so bang soos die duiwel vir 'n pikbalie (Worcester) waaraan moontlik ook 'n verhaal ten grondslag kan lê. Die gedagte aan 'n verhaal waarin die duiwel tot sy groot-

ste verleentheid in 'n pikbalie sou beland het, word verder aanneemlik gemaak deur die volgende vergelyking wat o.a. in Wesselsbron bekend is: **Hy lyk soos die duivel in 'n pikbalie** (erg vervaard en besmeerd). Vgl. ter verduideliking Ndl. *Wie met pek omgaat, wordt er mee besmet* (St. 2-148).

**So bang soos die duivel vir 'n slypsteen** (baie algemeen); vgl. Malh. bl. 10, wat vertel hoe die duivel in sekere omstandighede as straf 'n slypsteen moet draai. Dit verduidelik meteen die variant: **so bang soos die duivel vir slypsteen draai** (Springbok).

'n Kontaminasieprodukt of 'n opsetlike saamvoeging is die volgende: **so bang soos die duivel vir 'n skoot bokhael** (Brits), . . . **soos die duivel vir 'n tandetrekker**. Vgl. hfst. 1.

**So bang soos die duivel vir musiek** (Brits); **so bang soos die duivel vir homself** (Ermelo); **so bang soos die duivel vir 'n kruis** (Parys, Bloemfontein). Vgl. Ndl. *Voor iets bevreesd zijn gelijk de duivel voor het kruis* (Joos 12, Ndl. Wdb. 3-3619), . . . *gelijk de duivel voor het wijwater* (Joos 12); Hgd. *Er fürchtet sich, wie der Teufel vorm Donner* (Wander 1-1280).

Onder die Griekwas is bekend: **Hy's slang sô bang sôs satang**; vgl. hfst. 2(a).

### BEDERF.

**So bederf soos 'n enigste kind**, . . . **soos 'n predikantskind**; **so bederf-soos 'n steeks donkie**.

**So bedorwe soos 'n vrot peer**, **'n vrot eier**; vgl. Ndl. *Bedorven als een rotte appel, een vuil ei* (Joos 12).

### BEKEND.

**So bekend soos 'n hoer**, . . . **soos 'n tronkvoël**.

**So bekend soos die duivel vanself**; vgl. Ndl. *Bekend als de bonte hond* (algemeen bekend, ongunstig bekend), waar die 'bonte hond' een van die baie benaminge van die duivel is; ook in Duits, Fries en Frans bekend. Vgl. St. 1-352 en kyk verder by hfst. 3(k).

**Dit is so bekend soos die verraad van Judas**; iets soortgelijks in Hgd. *Bekannt wie Barnabas in der Passion*, Fr. *Connu comme Barabas a la Passion* (Lipperh. 55).

Sover uitgevind kon word, bestaan daar geen Afrikaanse ekwivalent vir die volgende uitdrukking wat in verskillende Germaanse tale aangetref word nie:— *Bekend zijn gelijk 'n kwâ duit, gekend zijn gelijk de kwâ duiten* (De C.— Gebr. 307); Hgd. *Er ist bekannt wie ein Düttchen—wie ein schlimmer Schilling* (Frischb. 25); Gron. *Bekend als de kwade dubbeltjes*, Eng. *To be as well known as a bad shilling* (St. 1-352).

## BEKOORLIK.

So bekoorlik as die sonde; vgl. „t scheen hem bekoorlijk als de zonde” (aangehaal uit Streuvels—De Vooys). So bekoorlik (aanloklik) as gesteelde vrugte.

## BENEUK.

So beneuk soos 'n gusooi; so beneuk soos 'n bul in 'n boerekraal.

So beneuk soos 'n perdeby (Heilbron). Vgl. hfst. 1.

## BESIG (kyk ook by WERKSAAM).

So besig soos 'n varksog met twaalf kleintjies (Bloemfontein); vgl. Gron. *'t Zoo drok hebben as 'n Môt mit ijn tit* ('t zoo druk hebben als eene zeug met eene tepel): veel drukte vertoonen en niets uitvoeren, *'t zoo druk hebben als een pruike-maker met een klant* (Molema 271); Hgd. *Er ist beschäftigt, wie die Sau am Sonntage* (Frischb. 26).

So besig soos 'n broeis hen; vgl. Ndd. *Hä es so unlieg* (unleidend) as *'ne Kluckhenne med einem Kuiken* (Eck. 536).

So besig soos 'n hond vol vlooië; vgl. Ndd. *Hei is so flitig as dei Hund bi't Flöhen* (Eck. 119).

So besig soos 'n byekorff, . . . soos die miere; vgl. Ndl. *Vlijtig als een bie, eene mier* (Joos 24).

So besig soos 'n Karroodorpie met nagmaal; vgl. „Zoo druk als een stadsreisiger tegen Sinterklaas” (Boefje bl. 50).

So besig soos die duiwel in die danssaal (kyk by hfst. 3(k)); vgl. Eng. *Busy as the devil in a gale of wind*: an old sea phrase for being fully occupied (Sea Slang 21).

So besig soos die wafelpan op Nuwejaarsdag; vgl. Ndl. *Zij heeft het zo druk, als de pan te vastelavond* (Tuinm. 2-32); Duits. *He heft et so drock wie de Pann en de Fasten* (Frischb. 50); *He het et so dröck (eilig) as de Kukepann op Fasselabend* (Eck. 86). Kyk hiervoor by hfst. 3(j).

Ander vergelykinge wat komies aandoen is Ndl. *Hij heb 'et zoo drok as de schout van 'et dorp, en die had een koe* (Boeken. 179); *Hij heeft 't zo druk as min mans moer met de luiermant* (N.T.G. 14-251).

Ten slotte 'n aanhaling uit 'n sewentiende-eeuse klug:— „Hij sel 't soo drock hebben as ien spinnewiel” (Van VI. 2-157).

**BITTER.**

So bitter as gal, . . . as wildeals; vgl. Ndl. *Bitter als gal, azijn, een citroen, een galnoot, alsem, hop, roet* (Joos 12); *Bitter as als, as rôt* (Bergsma 21).

So bitter as 'n bitterbessiebos (vgl. hfst. 1); so bitter as 'n bitter kalbas (Springbok).

**BLEEK (vgl. WIT).**

So bleek soos die dood, . . . 'n laken, . . . 'n lyk; vgl. Ndl. *Bleek als de dood, een heetekoek, een lijk, een linnen, een laken, de muur, was, een wassen beeld* (Joos 12); *zoo bleek als linnen, een laken, een doek, de dood van Ieperen* (Ndl. Wdb. 2-2815); Hgd. *Blass (bleich) wie der Tod, bleich wie asche* (Sandv. 8); Lt. *Ut larva intravi, leichenblass, blass wie der Tod (vor angst)*; uit die sewentiende-eeu: „Ze ziet als een linnen laken” (Van Moerk. 259). Voorts Afr. so bleek soos 'n tafeldoek, . . . 'n gestyfde voorskoot, . . . 'n marmarbeeld.

So bleek soos 'n bakkersbrood (Parys); vgl. Ndl. *Zoo bleek als een afgelekte serropenbrood* (St. 1-129).

So bleek soos 'n meelsak; vgl. uit die sewentiende-eeu:— „Jij ziet er uit gelijk een tarwenmeel” (Van Moerk. 260).

Kyk by **LYK** vir die Afrikaanse ekwivalent van Ndl. *Bleek als of hij in de karnemelk gewasschen is* (Boeken. 401).

„Bleek lijk hagel” (Pallieter bl. 112); „zie je niet dat ze zoo bleek bent als 'n vaatdoek” (Roman van een Gezin, bl. 221).

**BLIND.**

So blind soos 'n mol (baie algemeen) berus op 'n onjuiste veronderstelling (vgl. hfst. 3(k)); nietemin word dit in 'n groot aantal Europese tale aangetref.

„De mol werd van ouds als volkomen blind aangezien; die dwaling is te verklaren door het feit, dat hij zeer kleine oogjes heeft, en dat ze in den grond overbodig lijken” (De Cock-Volksgeloof 106).

Kyk by St. 1-98 vir Ndl. *Zoo blind als een mol*; vgl. Ndd. *He is so blind as 'n Mull* (Eck. 54); Fr. *Il ne voit pas plus clair qu' une taupe* (Wander 4-511); Lt. *ad ceteros talpae caprearum in me oculos possidetis' . . . , oculos caprearum talpa contemnati*. *Blind wie ein Maulwurf* (Otto 340); Eng. *Blind as a mole* (Smith). Onder die Griekwas is ook bekend: *Só blind sós mol* (Rademeyer 106).

So blind soos 'n springhaas voor die motor se ligte; so blind soos 'n skeel os; so blind soos 'n kwaai renoster. Vgl. Ndl. *Soo blint als een kaen* (kraai) (St. 1-98); Ndd. *He es so blind as 'n hen, . . . wie ennen Häs* (Eck. 54); Eng. *As blind as a bat* (Smith).

## BLOU.

So blou soos die hemel (baie algemeen); ook deur die Griekwas gebruik: *sô blou sôs die hemel* (Rademeyer 106); vgl. Ndl. *Blauw als de hemel, de lucht* (Joos 12).

Teenoor Ndl. *Blauw als een schalie, een kogel* (Joos 12) kan gestel word Afr. blouboontjies vir koeëls (vgl. Malh. 136).

So blou soos die berge (algemeen); so blou soos 'n vrot skaap (Bloemfontein); so blou soos 'n bastermeid se tandvleis (Boland); so blou soos 'n blousellap.

## BLY.

So bly soos more die heeldag; vgl. Eng. *Happy as the day is long*. Die Afr. vergelyking staan egter heeltemal los van die Engelse uitdrukking, vgl. hfst. 1.

So bly soos 'n kind, . . . soos 'n skoolkind wat vakansie kry; vgl. Hgd. *Er freut sich wie ein Kind* (Wander 1-1171).

So bly soos 'n voël in die lug; vgl. Eng. *Gay as a lark*.

So bly soos 'n Hotnot oor 'n sopie; vgl. Ndl. en Vls. *Blij als een kermisgast, kermishondje, kermisvogel* (Joos 12); *Hij is zoo blij als een kermisduivel* (Harreb. 1-395).

So bly soos 'n vis in die water; vgl. Ndl. *Zoo blijd als blik*, eig. zoo blijde als spartelende blikjes (Boeken. 73). Kyk ook by hfst. 1.

So bly soos 'n oupa oor sy eerste kleinseun; . . . soos 'n delwer oor 'n diamant; . . . soos 'n boer oor die lentereëns.

## BONT.

So bont soos 'n tarentaal; vgl. Ndl. *Zoo bont als eene ekster* (een inlandsche vogel met swarte en witte veeren) (Van Dale 439); *Zoo bont as 'n akster* (opzichtelijk gekleed) (Bergsma 21); *Bont as 'n oakster* (Molema 166); Ndd. *He is so bunt as e Heister* (Eck. 67).

So bont soos 'n bok. Vgl. Ndl. *So bunt as ne Fechmolle* (Eck. 67).

So bont soos 'n kalkoeneier; vgl. Ndd. *Dat is so bunt as 'n Kunenei* (Ei eines kalkutischen Huhnes) (Eck. 67).

So bont soos 'n koekoekhenetjie. Vgl. Ndd. *Er ist so bunt wie ein Kuckuk* (er hat sommersprossen) (Frischb. 157).

So veelkleurig soos Josef se rokkie (vgl. hfst. 3(g)); verder met verwysing na bepaalde plekke, Ndd. *So bunt as de Libberheuser Keärke, as de Gagelower Kirch* (Eck. 67).

So bont soos 'n koelliemeid.

**BOOS (vgl. KWAAD).**

So boos soos 'n bees; so briesend as 'n bul. Vgl. Gron. *D'r op anvlijgen as 'n bōl op 'n hooiopper*: er als een razende op toeschieten, blindelings en met heete drift (Molema 48).

Boosaardig soos 'n tierwyfie (Vryheid), . . . soos 'n leeu; „so boos as 'n leeu” (O.K. 7-3).

So boos soos 'n bobbejaan in 'n balie kookwater (Bloemfontein); . . . soos 'n geelslang; . . . soos 'n gekweste renosterbul.

So boos soos 'n geitjie; vgl. Ndl. *Kwaadaardig of boos als eene spin* (Het is bekend, dat de groote vrouwelijke spin, na de paring, somtijds het kleine mannetje opeet — vandaar deze zegswijze) (St. 2-296).

So boos (kwaad, kwaai) as die duiwel; vgl. Ndl. *Boos als een duivel, een satan* (Joos 12).

**BREED.**

So breed soos die see; vgl. Ndl. *Breed als de zee, de hemel* (Joos 12).

**BRUIN.**

So bruin soos 'n kastanje (algemeen); vgl. Ndl. *Bruin ale eene kastanje, eene perel* (Joos 12); Eng. *Brown as a berry*.

So bruin soos 'n boontjie, . . . soos boontjiesop, . . . soos bier.

So bruin soos 'n Boesman, . . . soos 'n Portugans (in Transvaal); vgl. Ndl. *Bruin als een Bohemer, een Spanjaard* (Joos 12).

**BRUTAAL.**

So brutaal as 'n gewapende kaffer (dateer uit die tweede Vryheidsoorlog, vgl. hfst. 3(j), . . soos 'n Jood. Vgl. Ndl. *Brutaal als de beul* (St. 1-146); *Hij is zoo assurant als de beul, zoo wreed als de beul van Haarlem* (Harreb. 1-51).

**DAPPER.**

So dapper soos Simson, . . . soos de Wet; vgl. Fr. *Il est brave comme un César* (Wander 4-1034), (vgl. hfst. 3(h)); Ndl. *Moedig als een Belg, een Vlaming* (Joos 18).

So dapper soos 'n leeu (algemeen); vgl. Ndl. *Moedig als een leeuw* (Joos 18); Eng. *As brave as a lion*.

„Wanneer in een heldensage der Edda, van een koning gezegd wordt, dat hij „koen is als een kattenzoon”, dan moet daarbij de wilde kat bedoeld zijn” (Sloet).

So dapper soos 'n jaghond; vgl. Hgd. *Er hat Muth wie ein Bulldog* (Schrader 148).

So dapper (manhaftig) soos 'n kapokhaantjie; vgl. die grappige Nederlandse: *Zoo dapper as 'n stoters haon* (Bergsma 21); *Hij heeft moed als een stooters paardje* (Harreb. 2-310) en kyk verder by St. 1-289; Hgd. *Muthig wie ein englischer Hahn* (Von einem rüstigen Manne, der kühn auftritt) (Wander 3-801).

### DEURMEKAAR.

Sy hare is so deurmekaar soos 'n mossienes; die kamer is so deurmekaar soos 'n hamerkopnes (taamlik algemeen).

### DEURSKYNEND.

So deurskynend (deursigtig) soos glas, . . . 'n diamant; vgl. *Doorschijnend als glas, eene ruit, eene teems* (zeef) (Joos 13).

So deurskynend soos 'n haas se oor. Kyk ook by OOR.

### DIEP.

So diep as die see, . . . as 'n afgrond; vgl. Ndl. *Diep als de zee, de helle, een afgrond* (Joos 13); Vls. *Zoo diep as nen afgrond* (Teirl. 1-313).

### DIG (vgl. TOE).

So dig soos 'n pot; vgl. Ndl. *Dicht als een pot* (goed gesloten), *dicht als eene mande* (Joos 13); *Dicht as 'n pot* (kunnen zwijgen) (Molema 166); Fri. *So ticht as in pot* (St. 1-162).

So dig soos 'n bottel, 'n brandewynbottel. Vgl. „Ampie is so dig soos 'n bottel brandewyn in die drankstoor” (Ampie bl. 65); „Nig Nêlie is so dig soos 'n toe-bottel” (Hans d. Skipper bl. 246); „Die Abraham is so dig as 'n geldkas” (Die Huisg. Des. 1936); „ons ander is so dig soos 'n gesoldeerde blik” (Die Meulenaar, 64).

So dig soos 'n vark wat pitjies het, vgl. hfst. 1; „Ampie is so dig soos 'n vark wat pitjies het” (Ampie bl. 148).

Sy kop is so dig soos 'n sif, alles lek daaruit. Soortgelyke ironiese uitdrukkinge is bv. Ndl. *Dat vrouwen weten, blijft gesloten, als melk, in eene zeef gegoten* (Harreb. 2-77); *Zoo digt als een zeef* (Harreb. 2-495).

„Sy kop is so dik as 'n brood wat toegeslaan het” (Kruispad, bl. 78); „Fransina is so dig soos 'n looivat” (Droogte, 99).

Ook ironies bedoel is Gron. „Hol je gesloten as 'n boeskool van drei bloaren’, schertsenderwijs voor: pas op en praat niet te veel, klap niet (als men nl. het tegendeel wenscht) (Molema 46).

So dig soos 'n oerwoud; vgl. Ndl. *Zijn haar staat zoo dicht als een bosch* (Joos 13).

So dik soos 'n balie; kort en dik soos 'n petrolblik (Springbok); so dik soos 'n vaatjie. Vgl. Ndl. *Dik als eene ton* (Joos 13), *zoo rond als eene ton zijn* (zich dik gegeten hebben) (Van Dale 1663); Vls. *Zoo dik as 'n tonne, 'n kuipe, nen trommele* (Teirl. 1-319); Hgd. *Er ist so dick wie eine Biertonne* (Frischb. 45); verder Ndl. *Zoo dik als Bacchus op de ton* (Joos 13), *dik as 'n trom* (Molema 166), *dik als een trommel* (Joos 13).

Skampere ironie lê opgesluit in Ndl. *Hij is zoo dik als een Spaansch anker* (Welters 97), *hij is zoo vet als een Spaansch anker* (buitengewoon mager) (Van Dale 166); Ndd. *Hä es su fett we'ne span'schen Anker* (von mageren) (Eck. 113).

So dik soos 'n boomstam, 'n blok hout; vgl. Hgd. *Dick wie ein Rammklotz* (Frischb. 45); Ndl. *Dik as 'n deur* (Bergsma 21), *dik als eene romp* (Joos 13).

So dik soos 'n bosluis; vgl. Gron. *Dik as 'n tiek* (—als eene tor, van veel eten en drinken) (Molema 166); Ndd. *He is so dick as ene Hundelaus, as ene Teke, Zecke, Holzbock* (Eck. 79); Ndl. *Zoo breed zitten as een weeghuis*: veel plaats innemen (Boeken. 1196).

So dik (opgeblaas) as 'n padda; vgl. Ndl. *Zoo dik als een padda* (Joos 13); *Ik ben zoo dik als een pad* (ik heb zooveel gedronken of gegeten, dat het mij benauwt) (Van Dale 1263); Ndd. *Hei is so dicke als ne pedde* (Wander 1-583).

So dik soos 'n dassie, . . . soos 'n slagos; vgl. Ndl. *Dik als een das, als een os* (Joos 13).

So dik soos 'n vark; vgl. Ndl. *Hij is zoo dik als het varken van Sint Teunis* (De C.—Gebr. 259). Kyk hiervoor by hfst. 3(j).

So dik soos ertjiesop; vgl. Ndl. *Zoo dik als pap* (Joos 13).

Ek is so dik as die weer (versadig) (Die Vrystaat). Kyk ook by hfst. 2(c)(ii) vir ander voorbeelde met woordspeling.

### DIKVELLIG.

So dikvellig soos 'n seekoei, 'n renoster (algemeen). Vgl. Lt. *„Erus meus elephanti corio circumtentus est, non suo”,* ist dickfellig, d.i. dumm und unempfindlich wie ein Elephant (Otto 124).

### DOM (vgl. ONNOSEL).

In die meeste gevalle word in hierdie vergelykinge verwys na voëls of diere, wie se botheid of onnoselheid, soms seer ten onregte, spreekwoordelik geword het. (Vgl. hfst. 3(d)).

So dom soos 'n esel; vgl. Ndl. *Dom als een ezel* (Joos 13), *zoo dom als 't peerd van Christus* (vgl. St. 1-413); Ndd. *Hä es so dumm*

as en Jêsel (Esel) (Eck. 87), *he es so domm wie en Pérd* (Eck. 87), *he is duller as Schippmann sin Hengst* (Eck. 527).

So onnosel soos 'n mofskaap; vgl. ook *Jou skaapkop!*—Hgd. Er ist ein Schafskopf (Wander 4-77); verder Gron. *Schoaperg* (onnozel als een schaap) (Molema); Hgd. *So dumm wie ein Hinterviertel vom Schafe* (Hamburg) (Lipperh. 121); Ndd. *He is so domm, as en âl Scheap* (Eck. 88).

So onnosel soos 'n skeel os; vgl. Ndl. *Hij is zoo dom als een os* (Harreb. 2-154); Gron. en Vls. *Dom as 'n os* (Molema 314, Teirl. 1-336); Hgd. *Dumm wie ein Ochs, der bekanntlich mit dem Kopfe zieht und hierzu ein Joch trägt* (Lipperh. 78).

Kyk by St. 1-413 vir Ndl. *Dom als 't kalf van Moses*; vgl. *Dom als een kalf* (Joos 12) (Teirl. 1-336); Ndd. *He is so dumm, as 'n Achtervandêl voun 'n Kalf* (Eck. 88).

Hoewel nie direk in die vorm van 'n vergelyking nie, is in Afrikaans taamlik bekend: *Jou onnosele ou koei!* Vgl. hiermee Ndl. *Zoo dom als een koe* (Van Dale 853, Teirl. 1-336), Gron. *Zoo dom as 't achtereinde van 'n kou* (Molema 83); Ndd. *Hû es so dumm as et achterste Enne von der Kau* (Eck. 87); reeds in die sewentiende eeu: „Mijn kinderen zijn zo dom als koeijen” (Van Moerk. 584).

So dom soos 'n vark; so dom soos 'n vark se gat. Vgl. Ndl. *Hij is zoo dom als een varken* (Harreb. 2-359); *zoo dom als 't achterste van een varken* (Welters 115); Hgd. *Er ist so dumm wie Osterwalds Schwein, das wollte keine Erbsen fressen* (Frischb. 51); Gron. *Dom as 'n zwien, zoo dom wezen as Fokke Oarends môt*, schertsend voor aartsdom, met de toevoeging: *die wol op Zöndag riezembrei eten* (Molema 271).

So dom soos 'n uil, . . . soos 'n uilskuiken (Paarl, Porterville); vgl. Ndl. *Dom als een uil* (Joos 12), *zoo dom als een uil* (Van Dale 1690); Vls. *Zoo dom as nen uil* (Teirl. 1-336); sewentiende-eeus: „Men sou mij wel uijtlichten en houden voor den Uijl” (Van Moerk. 445).

So dom soos 'n papegaai; vgl. „Jou domme papegaai—jou domme lapbroek” (O.K. 1-261).

So dom soos 'n hoender; vgl. Hgd. *Du bist ein dummes Huhn* (Schrader 240).

So dom soos 'n gans (in baie tale spreekwoordelik); vgl. Ndl. *Zoo dom als een gans* (Welters 116), *domme gans* (Molema, Van Dale), *zoo dom as 'n ganze* (Teirl. 1-336); Fr. *Belge comme une oie* (Wander 1-705); Hgd. „Dummheit der Gans allgemein” (Schrader 242).

So dom soos 'n volstruis; origens Ndl. *'t Is een domme eend* (Van Dale 430); *dom als een kieken* (Welters 116); Ndd. *Dumm as en Kuiken* (Eck. 87); Ndl. *Dom als een kalkoen* (Joos 13).

So dom soos 'n blok hout, . . . 'n klip (vgl. *Jou klipkop!*), . . . 'n steen; vgl. Ndl. *Hij is zoo dom als een hout* (Welters 98);

Vls. *Zoo dom as nen blok, as 'n hout* (Teirl. 1-336); Ndd. *De kerl is so dumm as en Brett* (Eck. 256); *he is so dumm as e Bund Strô* (Eck. 88); Hgd. *Dumm wie Kartoffelholz* (Frischb. 50). Die Tsjegge sê: *Dumm wie ein Baumstumpf* (Wander 1-705).

So dom soos 'n kraalkaffer, . . . soos 'n plaasjapie, 'n ,tommie', 'n boslanser, 'n ,bekvelder'; „Eers was hy net zoo dom als die achtervelts schuijfbroek dragers” (Crad. Nuusbl., 26 Jan. 1861) (aangehaal deur J. d. P. Sch. in T.W.K. 14-32). Vgl. Ndl. *Hij is zoo dom als een Friesche boer* (Harreb. 1-197); Pruisies *Er ist so dumm wie ein Deutscher* (Frischb. 44).

So dom soos uilspieël, . . . soos 'n swaap; vgl. Ndd. *He is nett so dumm as Gerd sin Môr, de bacht Mehlpöt in de Stêfel, un Pankôk in de Slur* (Eck. 88).

So dom soos 'n padpredikant (wat die goeie weg aanwys, maar dit self nie bewandel nie); vgl. Hgd. *Dumm wie ein Wegweiser* (Frischb. 50).

So dom soos 'n meelsif (wat die kosbaarste deel verlore laat gaan en net die waardelose behou) (Springbok, Bloemfontein, Frankfort, Vryburg).

### DONKER.

So donker soos die nag, . . . soos die hel, . . . soos 'n tonnel; so donker soos 'n koolmyn in die nag (Vereeniging); vgl. Ndl. *Donker als een helle, koolmijn, nacht, oven* (Joos 13); Vls. *Zoo duister as 'n helle, as e graf, as in nen ovene* (Teirl. 1-376).

So donker as die dood (Brandfort); . . . as 'n graf; „Dis so donker en so stil as die graf” (Sonde m. d. Bure bl. 97); vgl. Ndl. *Duister als het graf* (Joos 13).

So donker soos 'n wolk (te Aliwal Noord gehoor), vermoedelik onbewus beïnvloed deur: die . . . het soos 'n donker wolk oor ons gekom); vgl. egter Ndl. *Duister als eene wolk* (Joos 13).

### DOOD.

So dood soos 'n mossie (algemeen); vgl. Malherbe bl. 158 wat aantoon hoedat van die kleiner diersoorte dikwels in hierdie verband in die vergelyking aangewend word. Vgl. Vlaams en Ndl. *Dood als een kicken* (Joos 13); Eng. *As dead as a herring*; sewentiende-eeus: „Je vriest soo doodt als een haringh” (Van Moerk. 243). In hierdie geval sal ons egter direkte oorerwing kan aanwys, aangesien die uitdrukking in Nederlands ook bekend is, nl. *Dood als eene musch* (Joos 14).

Vir Ndl. *Hij is zoo dood als een pier* (Wat Tuinm. moeilik gevind het om te verklaar) kyk by Stoett 1-175.

So dood soos 'n muis (Parys); vgl. Ndl. *Dood als een muis*; Ndd. *So dāud as 'ne Méus* (Maus) (Eck.).

So dood soos 'n padda (soms met onlogiese toevoeging: *in die water*); vgl. Oos-Fri. *So dōd as 'n pogge* (kikvorsch) (St. 1-176); Ndd. *So daud as ne Hücke* (Kröte) (Eck.).

So dood soos 'n luis tussen twee vingernaels; vgl. Ndl. *dood als eene luis op de kam* (Joos 14).

So dood soos 'n hond wat gif gevreet het (soms verkort tot *so dood soos 'n hond*—vgl. *vrek soos 'n hond*).

So dood soos 'n klip, . . . soos 'n lappie (Paarl, Porterville); vgl. Vls. *Dood als 'ne steen* (Antw Idiot. 366); Eng. *As dead as a door-nail* (Oxford Dict. 3-59).

So dood soos 'n dronk hotnot (gevoelloos) (Springbok).

So dood soos 'n grafsteen, 'n standbeeld.

### DOOF.

So doof soos 'n kwartel (algemeen), vgl. Malh. 158 en St. 1-180 waar dit verklaar word uit die feit „dat de kwartel, wanneer hij angstig wordt, ineengedoken en onbeweeglijk op den grond blijft zitten; geen geweerschot kan hem doen opvliegen” (De C.—Volks-geloof 129). Vgl. hfst. 3(k).

„Jou dowe kwartel” (O.K. 1-250); ook in Duits bekend, vgl. *He es so daub as en Quartel* (Wachtel) (Eck. 514, Welters 115).

In Nederlands is ook bekend: *Doof als een mol* (Joos 13) wat waarskynlik na analogie van *Blind als een mol* kon ontstaan het.

So doof soos 'n slang (af en toe gehoor) kan spontaan ontstaan het na aanleiding van 'n verkeerde veronderstelling, alhoewel in Engels oorbekend is: *As deaf as an adder* (vgl. hfst. 3(k)).

So doof soos 'n klip; . . . soos 'n baksteen (Kranskop); vgl. Ndl. *Doof als een steen* (Joos 13); „Grootje is zoo doof as 'n kluut” (Cremer—Overbetuwsche Novellen bl. 2—De Vooyes).

So doof soos 'n paal; vgl. Eng. *As deaf as a post*; *Deaf as the mainmast*: very deaf (Sea Slang 35); so doof soos 'n stok (vgl. hfst. 2(a)).

So doof soos 'n pot (vgl. ook *potdoof*), ook Frans en Nederlands, vgl. Joos 13 en Welters 115.

So doof soos 'n pampoen (te Parys gehoor); vgl. Ndl. *Doof als een aardappel* (Joos 13).

### DORS. Kyk ook by DRINK.

So dors soos 'n eend (Witbank), . . . soos 'n watereend (Zeerust); so dors soos 'n gans (Louis Trichardt, Zeerust); so dors soos 'n kraai (Springbok).

So dors soos 'n koei wat drie dae oorgeslaan het (Springbok); so dors soos 'n kalf vir sy melk (Vryheid).

So dors soos 'n os (algemeen, bv. Warrenton, Griekwaland Wes; ook onder die Boere in Argentinië); so dors soos 'n transportos (Volksrust, Lichtenburg); . . . soos 'n os in die woestyn (Springs), . . . soos 'n trapsportmuil (Lichtenburg).

So dors soos 'n perd, 'n hond (Zeerust); so dors soos 'n „horse” (vgl. hfst. 2(b)(ii)).

So dors soos 'n kameel (Ladysmith); waarskynlik Engelse invloed, vgl. hfst. 4.

So dors soos die see (algemeen); . . . soos 'n seerower (Zeerust), . . . 'n seekaffer (Vryheid).

So dors soos die woestyn (Bloemfontein); . . . soos die Sahara (Laingsburg); . . . soos die woestyn op 'n somerdag (Heilbron).

So dors soos 'n padda (Stormberg); . . . soos 'n padda in die water (Vryheid); . . . soos 'n padda in die droogte (Pietersburg, Bethal, Ermelo).

So dors soos 'n brakland (Zastron), . . . soos 'n streepmuis op 'n brakveld (Bloemfontein).

So dors soos 'n vis (in die water).

So dors soos 'n droë lewer (Paarl, Porterville). Vgl. hfst. 1.

So dors soos 'n tregter, . . . 'n spons (Bloemfontein, Bethulie, Bethal); vgl. Hgd. *Durstig wie ein Schwamm* (Wander 1-715); Fr. *Boire comme une épongee* (Wander 4-30). Kyk veral by **DRINK**.

So dors (honger) as sewe Jode (Worcester). Dit sal wel saamhang met die vastyd van die Jode.

### DREIGEND.

So dreigend soos 'n onweer (algemeen); vgl. Ndl. *Dreigend als een onweder, eene vlaag* (Joos 14).

### DRONK. Vgl. DRINK.

Voëls en diere dien hier meestal tot voorwerp van die vergelyking. Of die waggelende gang of die een of ander suggestiewe houding en eienaardigheid bepaal die aard van die vergelyking.

So dronk soos 'n eendjie (weens die waggelende gang van 'n eend), vgl. Malh. 163; „Hy is so dronk as 'n eentjie” (O.K. 4-252); vgl. *Zij loopt als een vette gans* (waggelend) (Van Dale 491); Hgd. *Er sieht aus wie eine Ente, wenn's wetterleuchtet* (ist betrunken) (Sandv. 17).

So dronk soos 'n hoender (Springs, Bethal), . . . soos 'n hoenderhaan (Witbank), . . . soos 'n mal hoender (Zeerust), . . . soos 'n klam hoender, 'n hoender in die donker (Pietersburg); vgl. *Zoo dronken as 'n haon zunder kop* (Bergsma 21); kyk by Malh. bl. 163 en vgl. hoenderkop.

**So dronk soos 'n kalkoen** (Zeerust), . . . 'n kraai (Oranjeville). Vgl. Ndl. *Zoo dronken als een kraai, zoo zat as ne oele* (in Twente), *zoo zat als een uil* (Hageland), *drunk as a biled owl* (Eng.), alles in Onze Taaltuin 3-281 waar die skrywer, H. Bezoen, vertel van die gewoontes van die boerseuns in Twente om wilde voëls te vang met behulp van rog wat in drank deurweek is.

Origens Ndl. *Zoo dronken als een uil* (Van Dale 1690); Gror. *Doen* (dronk) *as 'n snip* (Molema 79); Ndl. *Een snip aanhebben* (dronken zijn) (Van Dale 1539); „t. Schip duikelt als een bezopen snip” (deur De Vooy's aangehaal uit *De Schoolmeester*). Wander verklaar hierdie vergelyking uit die feit dat die snip sy snawel meestal in die water het (W. 4-1346), maar die duikelende, kantelede bewegings van die voël sal ook die voorstelling help vorm het; reeds sewentiende-eeus: „Ick sal hem soo droncken maecken als een Snip.” (Van Moerk. 397).

**So dronk soos 'n dier**; vgl. *zoo dronken als een beest* (die geene redelikhed heeft behouden) (Tuinm. 2-49); Ndd. *Hei is so dicke* (betrunken) *üs en Beist* (Eck. 79); sewentiende-eeus: „Zoo dronken as een beest” (Van Moerk. 354).

**So dronk soos 'n vark, 'n otjie**; vgl. Ndl. *Zoo dronken as 'n zwien, varken* (Bergsma 21); Hgd. *Er ist angeschossen wie ein wilder Eber* (Frischb. 8); Eng. *He came to us as drunk as David's sow* (Oxford Dict. 3-691).

„Hulle het gesuip en was naderhand so stukkend soos mal varke” (Die Huisg. 5/8/'38); sewentiende-eeus: „So droncken as ien varcken” (Van Moerk. 53), „Hoe leit dit dronke Varken hier” (Van Moerk. 347); „En komen t' huijs niet meer gelijck een swijn” (Van Moerk. 285).

**So dronk soos 'n galsiek skaap** (Dewetsdorp, Laingsburg); vgl. ook Hgd. *Er ist besoffen wie ein Ackergaul* (Frischb. 35), *besoffen wie ein Stück Vieh* (Frischb. 35).

**So nat** (dronk) **soos 'n vis in die water** (woordspeling), „Hy is mos altyd soos 'n vis — papnat en lekkerlyf” (Von W.—J. Platjie, bl. 75); **hy is soos 'n vis, altyd nat** (gedurig dronk) (Boland) (Ons Geselst. 265). Vgl. Ndl. *Hij ligt als eene blei* ('n soetwatervis): Zoo dronke dat hij z'ich niet bewegen kan (Van Dale 260).

**So dronk soos 'n vlieg** (Dewetsdorp); **so dronk soos 'n vlieg in 'n bierbottel** (Springs); **Hy's nes 'n wynvlieg** (lief vir drank) (Die Boland); **so dronk soos 'n vlieg wat gif gevreet het** (Bloemfontein, Dealesville, Parys). Vgl. die Nederlandse *biervlieg*.

**So dronk soos 'n pofadder** ('n trapsuutjies) **wat pypolie ingekry het** (Vryheid); **so dronk soos 'n slang met pypolie** (Fort Beaufort).

**So dronk soos Noag** (Dewetsdorp), . . . **soos Noag onder die prieel** (Springs). Vgl. hfst. 3(g).

**So dronk soos 'n matroos** (Carolina); . . . **soos 'n Hotnot** (Franschhoek, Wesselsbron); . . . **soos 'n ,Lord', soos 'n ,lord' op 'n Saterdag**aand (Winburg) (Engelse invloed, vgl. *As drunk as a lord*—Oxford Dict. 3-691); vgl. Vls. *Zoo zat as ne Turk, ne Polonius, nen Zwitserse* (Teirl. 2-312); Hgd. *Er ist besoffen wie eine Leichenträger* (Frischb. 35).

**So dronk soos 'n kat** (Fort Beaufort); vgl. *Zoo dronken as 'n kat* (Bergsma 21). In Ndl. ook *Zoo dik als een koe zijn* (dronken zijn) (Ndl. Wdb. 3-2614) (Bergsma 21).

**So dronk soos 'n tol** (Delareyville, Pietersburg, Bloemfontein ens.), ook Nederlands en Engels, vgl. Malh. 163; ook Ndl. *Zoo zat als een drilnoot* (een tol) (St. 2-309).

**So dronk soos 'n blok hout** (gevoelloos, smoordronk); vgl. Ndl. *Hij is zoo dronken als een stoel* (Dus beschrijven de Zeeuwen een smoordronken mensch. Hij weet zoo weinig van zich zelve als een stoel) (Tuinm. 2-49); *zoo dronken as 'n kakstöl* (Bergsma 21).

**So dronk soos 'n horlosieslinger** (soms net: . . . **soos 'n slinger**) staan in verband met die werkwoord ,slinger'. Vgl. iets soortgelyks in Hgd. *Er ist besoffen wie ein Strich* (d.w.s. die hale wat 'n skaats-ryer maak) (Frischb. 35).

**So dronk soos 'n lap** (Louis Trichardt, Stormberg, Wesselsbron), . . . **soos 'n ou lap** (Heilbron). Dit hang saam met ,*dronklap*'.

**So dronk soos more die heeldag** (Zeerust). Vgl. hfst. 1.

Kyk origins by Stoett 1-419 vir *Zoo zat (vol) als een kanon*.'

## DROOG.

**So droog soos 'n stuk horing** (vgl. *horingdroog*), . . . **soos 'n stuk been**, . . . **soos 'n geraamte**. Vgl. Ndl. *Zoo droog as bien* (been), zeer droog (Boeken. 1304); Eng. *As dry as a bone*; Ndl. *Droog als hoorn* (Joos 13).

**So droog soos stof, soos poeier, soos kruit**; vgl. Ndl. en Vls. *Droog als poeder* (Joos 13, Teirl. 2-406).

**So droog soos as**; vgl. Ndl. *Droog als loog, als asch* (Joos 13).

**So droog soos hooi, soos wintersgras**; vgl. Ndl. *Een keel zoo droog als hooi* (De Vooys); Gron. *Dreug as hod*, bij Harreb. *Droog als hop* (Molema 166).

**So droog soos 'n stuk uitgedroogde beskuit** (Frankfort); vgl. Ndl. *Droog als een afgelikte boterham* (Joos 14).

**So droog soos 'n meelsak**; vgl. Ndl. „Vrouw, maak mij toch een beker eens nat” zei de zuiper, „Hij is zoo droog als een meelsak” (De Cock—Gebr. 126).

**So droog soos biltong**; „So droog als 'n biltong staan sy daar” (Die Brandwag 1911, bl. 452).

**So droog soos gesoute snoek** (Boland); vgl. Ndl. *Droog als een haring* (Joos 14).

So droog soos 'n tontelbossie (by 'n bejaarde man in Parys gehoor); vgl. Ndl. *Zo droog als baanst, vonk*; by Kil. *baenst, voncke* (De Cock—Gebr. 395).

So droog soos 'n woestyn (algemeen); . . . soos die Karoo.

So droog soos 'n nadors (Bloemfontein).

### DUIDELIK.

So duidelik as daglig; „Is dit nie nou vir jou so helder as die daglig nie?” (De W.—Vers. Werke 7-109). Vgl. Ndl. *Klaar as de dag* (St. 1-151), waar ‚dag’ vertolk moet word in die middel-eeuse betekenis van ‚daglig’, ‚sonlig’.

### DUN (vgl. MAER).

So dun soos doringdraad; vgl. Ndl. *Dun als een draad* (Joos en Teirl.).

So dun soos garingdraad (Somerset-Oos); ek voel sō dun soos masjiengaring (honger) (Louis Trichardt, Marico, Paarl, Dewetsdorp); so dun soos no. 40 garing (honger) (Winburg).

Ek voel soos 'n riem (honger) (Carolina); . . . soos 'n riem deur 'n tregter (Wesselsbron); die vee is so dun soos 'n riem (Kakamas).

So dun soos 'n hotnotshond (Springbok); . . . soos 'n uitgehongerde kafferhond (Vryheid); . . . soos 'n windhond. Vgl. Gron. *Dun as 'n wiendhond* (van beesten gezegd) (Molema 166).

So dun soos 'n reisiesperd; vgl. Gron. *Dun as 'n joager* (scheepjagerspaard) (Molema 166).

So dun soos 'n hotnotsgod; . . . soos 'n huidjie-hu (insek) (Paarl, Porterville).

So dun soos 'n plank (Worcester, Paarl, Lichtenburg), vgl. plankdun; . . . soos 'n stok, 'n paal; vgl. Ndl. *Dun als een lat* (Joos 14); Eng. *Thin as a rake*.

So dun soos papier; so dun soos 'n pypsteel (ook Ndl. en Vls, vgl. Joos en Teirlinck).

So dun soos spinnerag; vgl. Hgd. *So dünn wie Spinneweb* (Wander 1-711).

So dun soos 'n lokasiekaffer (Springbok).

### DUUR.

So duur soos 'n diamant, . . . soos dagga, . . . soos peper; vgl. Ndl. *Duur als diamant* (Joos 14).

## DWARS.

So dwars soos 'n krap; „reguit mag die vryperd nie loop nie, maar skuinskant langs soos 'n krap” (Die Brandw. 19/5/'39); ook Nederlands.

## EENTONIG.

So eentonig soos 'n motreën; vgl. Ndl. „eentonig als motregen” (M. Gijzen's Jeugd).

So eentonig soos 'n doedelsak (Vryheid); . . . soos 'n by op 'n Sondagagtermiddag (Bloemfontein); . . . soos 'n windpomp.

So eentonig soos Augustusmaande se winde; . . . soos '33 se stofstorms.

## EENSAAM (vgl. VERLATE).

So eensaam soos 'n uil op 'n kluit; . . . soos 'n kluisenaar (ook Nederlands, vgl. Joos).

So eensaam soos 'n verdwaalde vlooi in 'n haelstorm (Zastron); . . . soos 'n verdwaalde vlooi in 'n kapokstorm (Brandfort). Vgl. Ndl. *Eenzaam als een luis op een kaal hoofd* (De V.— Verz. Opst. 2-190).

So eensaam soos 'n kat in 'n vakansiehuis (Winburg); vgl. Amerikaans *As forlorn as a cat in a store window on Sunday* (Digest).

## EERLIK.

So eerlik soos die daglig (Heilbron, Frankfort); so eerlik soos goud. Vgl. Ndl., „Zo eerlijk als goud” (Bartje, bl. 229).

Met 'n ironiese bedoeling is: so eerlik as 'n Jood; vgl. Ndd. *He is so érlích as de Jud von Altona* (Eck. 72); Gron. *Hij is zoo eeerlik as Jochems Knelske, dei stool meel en brocht zak weerom*; (spottend van iemand die niet alte eerlik is, maar zich evenwel op zijne eerlikheid beroemt (Molema 530).

## ELLENDIG.

So ellendig voel soos Job (ook Ndl. vgl. Joos 14); . . . soos 'n siek hond (hoender); . . . soos 'n nat kat. Vgl. Eng. *Miserable as a cat in a tar-barrel* (exceedingly miserable) (Sea Slang 96).

## ENERS.

So eners soos twee druppels water; vgl. Lt. „*Neque aqua aquae . . . usquam similiust.*” So ähnlich, wie ein tropfen Wasser dem andern

(Otto 31); „*Neque lacte lactis . . . usquam similis est—Tam similem, quam lacte lacti est*” (so ähnlich wie eine Milch der andern) (Otto 183).

So eners soos twee ertjies (Engelse invloed—as *alike as two peas*); vgl. Ndl. *Op elkander trekken gelijk twee halve kazen* (Joos 22).

So eners soos twee vuurhoutjies; vgl. Ndl. *Overeenkomen lijk twee trommelstokken* (Joos 19).

So eners soos twee hoendereiers (slegs eenkeer gehoor); vgl. Ndl. *Elkander gelijken als het eene ei het andere* (Van Dale 436); Hgd. *Sich gleichen wie ein Ei dem andern* (sich sehr ähnlich sehen) (Lipperh. 137); Lt. „*Tam similem sibi, quam ovo ovum*” (Otto 261).

So eners soos Moerdyk se kerke (te Reddersburg gehoor).

### ERNSTIG.

So ernstig soos 'n klei-os (Vrystaat), vgl. hfst. 1; so ernstig soos 'n begrafnis (algemeen); . . . soos 'n kafferpredikant (Klerksdorp), . . . soos 'n predikant (Franschhoek, Somerset-Oos).

So ernstig soos 'n hondebegrafnis (vry algemeen, bv. Marico, Dewetsdorp, Laingsburg, Pietersburg, die Boland).

### FLUKS.

So fluks soos 'n voorslag; „Hij was soos 'n voorslag in die werk” (Op. V. en Rande); So fluks soos 'n by, 'n mier; vgl. „So fluks en flink soos 'n heuningby” (O.K. 5-201).

### FRIS (vgl. GESOND).

So fris soos 'n hoender; vgl. Ndl. *Zoo fris (gezond) als een hoentje* (zeer fris) Ndl. Wdb. 6-809).

So fris soos 'n perd (Heilbron, Paarl, Porterville), vgl. *perdfrijs*.

So fris soos 'n vis (in die water); vgl. Ndl. *Frisch als ein visch in 't water, als een blik* (Joos 14). Kyk ook by Stoett 1-454.

„Met my gaan dit so fris as met 'n vis in die water, net ek voel nog nie nat nie” (Von W.—J. Platjie, bl. 168).

### FYN.

So fyn soos poeier; vgl. Vls. *Fijn as poer* (Buskruit) (Teirl. 2-406).

So fyn soos sand; ook Ndl. en Vls. Vgl. sewentiende ees:— „Om zoo dit hard hout te scherven fijn als zand” (van VI. 286).

So fyn soos saagsels, soos peper; vgl. Ndl. *Zoo fijn als gemalen mosterd—peper* (Ndl. Wdb. 3-4466).

So fyn soos 'n naald. „Zoo fijn als een naald” (Pallieter bl. 22).

### GEDULDIG.

So geduldig soos 'n donkie; so gedwee as 'n delwersesel (Volksrust); vgl. Ndl. . . . *als een ezel, een muilezel* (Joos 14).

So geduldig soos 'n skaap, 'n lam; vgl. Ndl. *So ghedwa als een schaep* (Meijer 80); Eng. *As gentle as a lamb*. „Zoo gedwee als 'n lammetjie” (Boefje bl. 95).

So gedwee soos 'n gekweste leeuwyfie (Pietersburg, Bloemfontein) (ironies, vgl. so vriendelik soos 'n tierwyfie).

So geduldig soos 'n visser op 'n rots; vgl. Ndl. *Hij moet hopen as de hengelaars* (Boeken. 347).

So geduldig soos Job (algemeen).

So geduldig soos 'n Hugenoot.

So geduldig soos 'n plaasonderwyser; vgl. Hgd. *Er ist geduldig wie ein Katholischer Kantor* (Frischb. 78).

### GEEL.

So geel soos goud (algemeen); so geel soos mosterd, soos borrie, heuning. Vgl. Ndl. *Geel als was, saffraan, goud, eene peer, de dooier van een ei* (Joos 14).

Sy gesig is so geel soos 'n katderm (Bloemfontein); vgl. Ndl. *Geel as 'n darm* (van de huid, ook van linnen enz. gezegd) (Molema 166, Boeken. 1310).

So geel soos 'n Boesman; vgl. Ndd. *Gél wie en Tatter* (Tatar) (Eck. 148).

So geel soos 'n kanarie, soos 'n geelvink, 'n geelslang.

So geel soos drek (Vryburg, Vereeniging); vgl. sewentiende-eeus: „Segt dat heur kruijfdé haijr as kinder-strongt soo geel is” (Van Moerk. 150).

### GELUKKIG.

So gelukkig soos 'n boerseun op 'n perd; vgl. Ndl. *gelukkig als een boerekind* (Joos 14).

So gelukkig soos 'n vis in die water; vgl. Ndl. *Gelukkig als een blik in het water, een zalm* (Joos 14).

„Hij is nou so gelukkig as 'n Turk” (Von W.—J. Platjie, bl. 112). Vgl. Ndl. *Gelukkig als een Vlaming*.

So gelukkig soos 'n hond op sy sewende verjaardag (by 'n baie ou dame te Tweeling gehoor).

So gelukkig soos 'n ou-ooi in 'n hawerland (Bloemfontein, Bethlehem); . . . soos 'n vlieg op 'n bakkersbrood (Zastron); . . . so gelukkig soos 'n muis in 'n meelblik (Vredefort). Vgl. Ndl. *Leven gelijk die muizen in 't meel* (Joos 18).

Gelukkiger as 'n kanarie met sewe kele (sing graag, alhoewel vals) (Bloemfontein).

### GELYK.

So gelyk soos 'n tafelblad, 'n spieël, 'n dansvloer; vgl. Ndl. . . . *als marmer, water, een spiegel, ijs, een vloer* (Joos 14).

So gelyk soos 'n tennisbaan; vgl. Ndl. *Zoo gelijk als een Kolfbaan* — *zoo gelijk als een spoor* (De C.—Gebr. 205).

So gelyk soos die vlakke, . . . soos Verneukpan.

### GEREELD.

So gereeld soos klokslag; so gereeld soos die son.

### GESOND.

So gesond soos 'n vis in die water (baie algemeen, vgl. Malh. bl. 182); Ndl. *Zoo gezond als een visch* (St. 271); Vls. *zoo gezond als een blikje in 't water* (De Vooys); Ndl. *Gezond als een blik, snoek, haas* (Joos 14); Hgd. *Gesund wie ein Fisch im Wasser* (Frischb. 89); Fr. *Il est comme le poisson dans l'eau* (Wander 1-1635); Lt. „sanior es pisce” (Frischb. 89); „so lewendig soos 'n vis” (De W.—Vers. Werke 6-40).

So gesond soos 'n waterhond (Bloemfontein, Petrus Steyn), vgl. hfst. 4.

Onder die Griekwas: Sô gesond sôs jongkêrel (Rademeyer 106); vgl. Afr. so gesond soos 'n atleet.

### GETROU.

So getrou soos staal (algemeen), soos goud; vgl. Ndd. *He is so trö as Gold* (Eck. 530).

So getrou soos 'n waghond; vgl. Ndl. *Getrouw als een hond* (Joos 14); sewentiende-eeus: „Ick pas op jou as ien schiethongd” (Van Moerk. 86).

### GEWOOND.

Hy is daaraan so gewoond soos 'n kaffer aan mieliepap, . . . soos 'n bandiet aan ryswater, . . . soos 'n donkie aan slae kry. Vgl. Ndl. *Iets gewend zijn gelijk de ezel de slagen, gelijk de duivel het branden* (Joos 14).

## GIERIG.

So gierig soos 'n vrek (ook Nederlands), . . . soos 'n Jood (ook by Joos); vgl. Ndd. *He is so gierig as 'n Pâp* (Eck. 158).

So gierig soos die duivel vanself; vgl. Vls. *Gierig als een duvel* (Teirl. 504); Hgd. *Er ist nach dem Gelde, wie der Teufel nach der Judenseele* (Frischb. 86).

So gierig soos die dood, die graf; vgl. Ndl. *Gierig als de pest, als het graf* (St. 1-272).

So gierig soos 'n stronkvuur (die Vrystaat); vgl. Ndl. *Zoo gierig als 'n brand* (Ndl. Wdb. 4-2299).

So gierig soos 'n hiëna, 'n aasvoël, 'n vark. Vgl. Ndl. *Gierig als een spin* (Joos 14); Gron. *Gierig as 'n pōd* (Molema 166); Fr. *Avare comme un chien* (St. 1-272).

## GIFTIG.

So giftig soos 'n geitjie (meestal figuurlik gebruik) (algemeen); so giftig soos 'n slang, 'n skerpioen. Vgl. Ndl. *So giftig as 'ne Hucke, 'ne Otter, 'ne Spinne* (Eck. 158).

## GLAD.

So glad soos 'n paling (veral van 'n geslepe persoon gesê), . . . soos 'n nat paling; algemeen bekend in ander Germaanse tale, vgl. Eng. *As slippery as an eel*; Ndd. *He is so glatt as en âl* (Eck. 159); Gron. *Zoo glad as 'n âol* (Bergsma); Ndl. *Iemand vasthebben gelijk eenen paling met een natten steert* (Joos 23).

So glad soos 'n bottel, soos ys, soos glas, soos 'n marmelblad; vgl. Ndl. *Glad als marmar, ivoor, een spiegel* (Joos 14), *Zoo ruig as een flesch* schertsend gezegd van iets dat glad is (Boeken. 1353).

So glad soos seep, soos spek; vgl. Ndl. *Glad als spek* (Tuinm. 2-163, Bergsma 21).

So glad soos 'n kat (soms: soos 'n gelekte kat); vgl. Lt. *Mollior cuniculi capillis*—glatt wie ein Katzenfell (Otto 102).

Sy hare is so glad asof 'n koei (kalfie) hom gelek het; vgl. Hgd. *Er ist so glatt, als wenn ihn der Bulle gelect hätte* (Frischb. 92); Ndd. *He is so glatt as wenn em de Bulle leckt hâr* (Eck. 159).

So glad soos 'n slagos (Lichtenburg); . . . soos 'n platanna, 'n padda (Laingsburg); so glad soos 'n jaaroud-kuiken se agterwêreld (Heilbron); . . . soos 'n perdebal (algemeen, veral van 'n kaalgeskeerde gesig).

So glad en blink soos 'n kaffervink (taamlik algemeen, vgl. bv. Bloemfontein, Heidelberg K.P., Dewetsdorp, Cathcart en veral in die Transvaal).

So glad en glyerig soos 'n skaap se oog (Villiers); vgl. Ndd. *Hei is sau glatt as en Hittenaue* (Ziegenauge) (Eck. 159).

So glad soos 'n akker; vgl. Gron. *So glad as 'n ekkel* (Molema 166, Bergsma 21).

So glad soos 'n botterspaaan; vgl. „De zee was glad en blinkend als een geschuurde schuimspaan” (De Schipbreuk—De Vooys); *glad as 'n tinnen schuddel* (van een gladde ijsbaan gezegd) (Molema 166).

Sy tong is so glad soos 'n rasper; hy is so glad met sy mond soos 'n rasper op die grond (Bloemfontein).

So glad soos 'n potkleipad (Viljoenskroon).

So glad soos De Wet (Ladybrand, Bloemfontein). Vgl. hfst. 3(h).

So glad soos 'n ,bybie' se boud (algemeen—onder invloed van Engels).

### GOED.

So goed soos goud (algemeen), vgl. Malh. bl. 185; vgl. Eng. *As good as gold*; Gron. *Goud as gold* (Molema 166); Ndl. *Zo rein als goud* (Ndl. Wdb. 5-464); *Het is soe guedt als gebrant sulver* (gelouterd zilver) (Meijer 40).

Hy is so doodgoed soos 'n agteros (Springfontein); vgl. Ndl. *Hij is zoo goed als een kalf* (St. 1-413).

So goed soos die dood (van doodgoed, vgl. hfst. 2(a)).

Kyk by St. 2-3 vir Ndl. *Zoo goed als brood*. Fr. *Bon comme du Pain*; vgl. *Hij is zoo goed als wijn en brood* (Tuinm. 1-362, Archief Ndl. Taalk. 4-347).

### GOU (vgl. VINNIG).

So gou as wat jy jou oog kan knip; so gou as wat jy kan sê mes. „So gou as jy sê knipmes” (O.K. 2-232).

„So gou as 'n gebotterde sonstraal” (Von W.—J. Platjie, bl. 186). Kyk egter by VINNIG.

### GROEN.

So groen soos gras, soos 'n lap lusern, soos 'n bottel; vgl. Ndl. *groen als gras* (Joos 14).

Van persone: So groen soos die lente, soos 'n plaasjapie, soos 'n eerstejaarstudent.

### GROOT.

So groot soos 'n reus, soos Goliat; so groot soos 'n berg. Vgl. Ndl. *Groot als een reus, een Hottentot, een Laplander, een kaboutermanneken, een eik* (Joos 14).